# Eldo-Gespreksgids

## Hoe hoog sal jy klim? Lukas 19: 1-10

Die verhaal van Saggeus in Lukas 19 wys hoe Jesus se teenwoordigheid mense se lewens radikaal verander. Saggeus was die hooftollenaar in Jerigo, 'n man wat deur sy eie mense verag is. Hy het ryk geword deur ander uit te buit, en hoewel hy alles gehad het wat geld kon koop, was sy lewe leeg.

Toe Jesus deur Jerigo stap, wou Saggeus Hom sien. Omdat hy klein was en die mense hom nie sou deurlaat nie, klim hy in 'n boom. Hierdie daad wys iets van sy hunkering: hy het geweet daar is meer in die lewe. En toe gebeur die onverwagse, Jesus sien hom eerste raak en roep hom by die naam: "Saggeus, klim gou af, want Ek moet vandag by jou huis tuisgaan."

Hierdie gebaar het die skare verstom. Volgens die wette van daardie tyd het jy nie met "sondaars" omgegaan nie, want dit het jou onrein gemaak. Maar Jesus doen die teenoorgestelde, Hy kies om in Saggeus se huis tuis te gaan. Hy wys dat God se liefde nie beperk is tot die vromes nie, maar dat Hy juis gekom het om die verlore en uitgeworpenes te soek en te red.

Saggeus se lewe verander onmiddellik. Hy besluit om helfte van sy besittings aan die armes te gee en vier keer terug te betaal waar hy mense te na gekom het. Sy bekering is sigbaar, prakties en radikaal. 'n Ware ontmoeting met Jesus lei altyd tot 'n nuwe lewenswyse, 'n lewe van omkeer, groei en gehoorsaamheid.

Die vraag is: hoe hoog is ons bereid om te klim om Jesus te sien? Saggeus moes sy trots opsy skuif en soos 'n kind in 'n boom klim. Ons word ook geroep om gemak en trots prys te gee om Jesus werklik te ontmoet. En nog meer: hoe hoog sal ons klim sodat ander mense Hom deur ons lewens kan raaksien?

Die evangelie vra van ons om nie net bewonderaars van Jesus te wees nie, maar volgelinge wat Jesus se liede uitleef in ons huise, werk en gemeenskap. Jesus kom nog steeds na mense soos Saggeus, en Hy roep ons om saam met Hom daardie mense raak te sien, lief te hê en in te nooi.

### Gespreksvrae

- Waarom dink jy het Saggeus besef sy rykdom en mag is nie genoeg nie?
- Wat sê Jesus se optrede van God se hart vir mense wat verwerp word?
- Wat beteken dit vir jou om 'n "boom te klim" – om gemak of trots opsy te sit – om Jesus werklik te ontmoet?
- Hoe kan jy prakties Jesus uitleef sodat ander Hom in jou kan raaksien?